PRETORIUM TRUST
(Koöperatief) Beperk

'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer (lisensie nr. 2753) en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP 228)

INGERSOLWEG 40
LYNNWOOD GLEN 0081
Tel: 012 361 5526 Faks: 012 361 5773

POSBUS 35797, MENLO PARK 0102
E-Pos: pretorium@pretorium.co.za
Webtuiste: www.pretorium.co.za

AANSOEK OM LIDMAATSKAP

PERSOONLIKE BESONDERHEDE (moet ingevul word)

Titel | Volle voornaam | Van

E-pos

Identiteitsno. / Paspoortno. **(Heg asb afskrif van identiteitsdokument aan)**

RSA Inwoner Ja Nee

Telefoonnommers

Huis | Werk

Sel | Taal Eng Afr

Residensiële adres **(Heg asb. afskrif van munisipale rekening aan)**

Poskode

Posadres (indien verskil van residensiële adres)

Poskode

Besit u vaste eiendom? Ja Nee | Indien nie: Huur | Woon by ouers

Ander | Jare by huidige adres

Huwelikstatus : Op huweliksvoorwaarde | Binne gemeenskap

Weduwee/Wewenaar | Ongetroud | Geskei | Gewoontereg

Aantal afhanklikes | Was u voorheen 'n lid van Pretorium Trust? Ja Nee

Indien "Ja" Rekeningnommer

PERSOONLIKE INLIGTING VAN GADE

Voorletters | Nooiensvan (indien van toepassing)

Identiteitsnommer **Heg asb afskrif van identiteitsdokument aan**

Sel | E-pos

WERKGEWERBESONDERHEDE (Verpligtend)

Betrekking:

Self | Verdien kommissie | Kontrakwerker | Permanent | Pensionaris

Volle naam en adres van huidige werkgewer **- Self**

Diensjare (indien minder as 5 jaar, voltooi vorige werkgewer)

Amp/Betrekking

Noem vorige werkgewer en dienstydperk

Volle naam en adres van huidige werkgewer **- Gade**

Tel. Nr.:

Diensjare (indien minder as 5 jaar, voltooi vorige werkgewer)

Amp/Betrekking

Noem vorige werkgewer en dienstydperk

INLIGTING VAN 'N VRIEND OF FAMILIELID wat nie by u woon nie - Verpligtend

Van | Voorletters | Verwantskap

Huisadres (nie 'n posbusnommer)

Telefoonnommers H

W | Sel

Hierdie inligting is vertroulik en sal nie vir bemarkingsdoeleiendes gebruik word nie.

BANKBESONDERHEDE (Verpligtend - hoofrekening)

Naam van Bank | Takkode | Taknaam

Tipe rekening | Rekeningnommer

DEBIETORDERINSTRUKSIES (Opsioneel - slegs indien hierdie betalingsopsie verkies word)

Aan die Bank: maak asseblief onttrekkings vanuit die genomineerde rekening op datum van betaling van my rekening. **(Heg asseblief bewys van bankbesonderhede aan)**

Naam van Bank | Takkode | Taknaam

Tipe rekening | Rekeningnommer

Handtekening van rekeninghouer

Datum van debietorder (Laaste werksdag)

GEMAGTIGDE GEBRUIKERS

LID - Titel en voorletters | Van

Identiteitsnommer | Kaart limiet R

GADE - Titel en voorletters | Van

Identiteitsnommer | Kaart limiet R

KIND - Titel en voorletters | Van

Identiteitsnommer | Kaart limiet R

KIND - Titel en voorletters | Van

Identiteitsnommer | Kaart limiet R

Totale maandelikse aankoopbeperking waarvoor aansoek gedoen word: R

Begrotingslimiet waarvoor aansoek gedoen word: R

U sal verantwoordelik wees vir betaling van aankope gedoen met hierdie kaarte. Neem asseblief kennis dat die uitreiking van addisionele kaarte in die diskresie van die Kredietverskaffer is.

BEMARKINGOPSIES

U mag kies om van enige van die onderstaande opsies uitgesluit te word deur die toepaslike spasie te merk.

- Verkies u om oorweeg te word vir 'n jaarlikse outomatiese kredietlimiet verhoging — Ja Nee
- Verkies u om uitgesluit te word van telebemarkingsveldtogte wat deur of ten gunste van die Kredietverskaffer gehou word — Ja Nee
- Enige massa verspreiding van e-pos of sms-boodskappe gestuur deur die Kredietverskaffer (promosie aanbiedings deur die Kredietverskaffer namens ons Verskaffers) — Ja Nee

(Dit is die Kredietverskaffer se beleid om nie kliëntelyste te verkoop of te versprei nie)

Wil u die maandelikse rekeningstaat ontvang via: E-pos | Pos

(U benodig Adobe Acrobat Reader 5.4 of hoër op u rekenaar)

Waar het u van ons gehoor? Koerant | Winkelsentrum | Pos | Lid

Rekeningnommer

Ek/Ons verleen toestemming aan die Kredietverskaffer om my/ons kredietrekord/s na te gaan by enige kredietburo of ander Kredietverskaffers en alle inligting soos verskaf op hierdie aansoekvorm, te verifieer.

Paraaf - Aansoeker:
Gade:

BEKOSTIGBAARHEIDSANALISE (moet voltooi word)

Afskrif van laaste 3 salarisstrokies moet verskaf word.

Getroud binne gemeenskap van goedere (moet voltooi word deur beide aansoeker en gade)

Maandelikse Inkomste		Aansoeker	Gade
Bruto Salaris			
Ander Inkomste (spesifiseer asb.)			
Totale Inkomste:	A		
Aftrekkings op salarisadvies:			
Mediesefonds			
Pensioen / Voorsorgfonds			
PAYE			
WVF			
Ander			
Subtotaal:	B		
Netto Salaris	A-B		
Maandelikse verpligtinge:			
Verblyf Uitgawes			
Vervoerkoste			
Voedsel			
Onderriggelde			
Mediese-uitgawe			
Onderhoudsuitgawe			
Munisipalerekening			
Ander			
Subtotaal:	C		

Rekeninge:	Maandelikse terugbetalings Aansoeker	Maandelikse terugbetalings Gade	Uitstaande bedrag
Voertuig Finansiering			
Persoonlikelenings			
Kredietkaarte			
Verbandpaaiement			
Selfoonuitgawe			
Mikrolenings			
Sekuriteit			
Versekeringspaaiemente			
Klere			
Algemene Kleinhandel			
Subtotaal: D			
Min Verbandpaaiement E			
Beskikbare inkomste A-B-C-D-E			
Pretorium Trust Kaart			

OPGAWE VAN BATES

Vaste Eiendom:

Voorstad	Markwaarde	Huidige balans

Roerende bates: bv. motorvoertuie, meubels

	Markwaarde

KREDIET EN BETALINGSGESKIEDENIS

Het u gedurende die afgelope drie maande aansoek gedoen vir kredietbestuur of skuldberading of is u tans onder administrasie of skuldberading? Ja / Nee

Het u tans 'n dispuut met 'n Kredietburo? Ja / Nee

Die Kredietverskaffer sal by sy plek van besigheid, met betrekking tot die kategorie van geldleningstransaksies, 'n afskrif van die Terme en Voorwaardes hou en dit is ook beskikbaar by die webtuiste, www.pretorium.co.za.

VOORUITBETALINGSFONDS

Vooruitbetalings teen 'n minimum van R25 per maand tot 'n maksimum van twee keer die maandelikse aankoopbeperking moet deur die lid gedoen word. Debiteer asseblief my rekening maandeliks met

R

VERLORE KAARTBESKERMING (opsioneel)

Die lid bevestig dat hy bewus is dat Pretorium Trust 'n kaartbeveiligingsfonds aanbied ingeval 'n kaart verlore of gesteel raak en dat hy skriftelik moet aansoek doen vir die beskerming onder die kaartbeveiligingfonds. In terme van Pretorium Trust se beskermingskema, aanvaar die lid dat hy teenoor Pretorium Trust aanspreeklik sal wees vir enige betalings wat deur Pretorium Trust gedoen is of wat Pretorium Trust verplig is om te doen ten opsigte van/ of voortspruitend uit enige gebruik van die kaart voordat Pretorium Trust redelikerwys in staat is om op te tree na aanleiding van die skriftelike bevestiging van die lid dat die kaart verlore of gesteel is.

Debiteer asseblief my Pretorium Trustrekening jaarliks met R_____(R12 per kaart) ten opsigte van al die kaarte wat op my rekening uitgereik is en plaas my naam op u lys van lede wat aan die aankoopkaartbeveiligingsfonds behoort.

Handtekening ..... Datum .....

KOSTE VAN KREDIET

Lidmaatskapfooi: **R 10.00 eenmalig**

Kaartfooie:

Koste per kaart	**R 90.00 per jaar**
Kaartbeveiliging	**R 12.00 per jaar per kaart (opsioneel)**
Kaartfooi by vervanging	**R 25.00**

Betalings: Die volgende kostes, indien van toepassing, sal verhaal word deur die Kredietverskaffer:

Kontantbetalings by Pretorium Trust kantoor (fooi per R100.00) **R 0.50**

Debiet / Kredietkaartbetalings by Pretorium Trust kantoor (fooi per R100.00) **R1.50**

Rentekoers:

Ope rekening: Enige bedrag wat nie op die betaaldatum (laaste werksdag van die maand) betaal is nie, sal vrygestel wees van rente, indien betaal is voor die 10de van die daarop volgende maand, waarna dit rente sal dra teen 8% per jaar bo die prima uitleenkoers van banke en sal wissel saam met banke se prima uitleenkoers.

Begrotingsrekening: Rente bereken teen die prima bankkoers plus 4%. Onderhewig daaraan dat indien bogenoemde rentekoerse ter eniger tyd die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers ingevolge die Nasionale Kredietwet sou oorskry, die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers sal geld.

Bonus: U verbeur ook enige bonus waarop u as lid geregtig mag wees op enige bedrag wat nie betaal is op die 3de van die maand opvolgend die maand waarop die rekening gelewer word.

Transaksiefooie (per transaksie) **R 1.00**

Maandeliks: Heffing op aankope: Alle aankope by die Shoprite / Checkers groep en die Pick n Pay groep **0.70%**

Adminfooi op brandstofaankope: (geen bonus) **1.75%**

Bogenoemde kostes is onderhewig aan verandering

TERME EN VOORWAARDES:

1. OMSKRYWINGS EN INTERPRETASIE:

1.1 Addisioneel tot die woorde en uitdrukkings omskryf in die ander klousules van hierdie ooreenkoms, het die volgende woorde en uitdrukkings, tensy die teendeel uit die konteks blyk, die betekenisse hieronder uiteengesit en het verwante woorde en uitdrukkings ooreenstemmende betekenisse:

1.1.1 **Aansoek:** Die skriftelike aansoek vir 'n Pretorium Trust Aankoopkaart voltooi deur die Verbruiker.

1.1.2 **Begrotingsrekening:** Die begrotingsrekening na verwys in klousule 9.5.

1.1.3 **Betaaldatum:** Die datum waarop 'n betaling gemaak moet word soos meer volledig uiteengesit in klousule2.

1.1.4 **Handelsperiode:** Die periode wat begin op die 16de dag van 'n maand en eindig op die 15de dag van die daaropvolgende maand, of sodanige ander periode as wat die Kredietgewer van tyd tot tyd in sy diskresie mag bepaal.

1.1.5 **Hoofskuld:** Die bedrag bereken in ooreenstemming met die bepalings van artikel 101(1a) van die Wet.

1.1.6 **Kredietburo:** Die Kredietburo na verwys in klousule 7.3.

1.1.7 **Kredietgewer:** Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk van Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, Pretoria.

1.1.8 **Kredietperk:** Die maksimum bedrag wat die Verbruiker geregtig is om gedurende enige handelsperiode te spandeer soos uiteengesit in die kwotasie wat die Verbruiker aanvaar het.

1.1.9 **Kwotasie:** Die kwotasie ingevolge die Wet uitgereik ten opsigte van die aansoek en hierdie Terme en Voorwaardes, en welke kwotasie by aanvaarding deel vorm van die ooreenkoms tussen die Kredietgewer en die Verbruiker. Sonder om afbreuk te doen aan enige van die ander bepalings sal dit geag word dat die Verbruiker die aansoek aanvaar het sodra die Verbruiker die Pretorium Trust Aankoopkaart gebruik.

1.1.10 **Ooreenkoms:** Die ooreenkoms aangegaan by aanvaarding van die kwotasie deur die Verbruiker.

1.1.11 **Pretorium Trust Aankoopkaart:** 'n Geldige elektroniese kaart deur die Kredietgewer aan die Verbruiker uitgereik ten opsigte van die aankope wat die Verbruiker ingevolge die bepalings van die ooreenkoms van Verskaffers sal maak, en "Kaart" het 'n ooreenstemmende betekenis.

1.1.12 **Primakoers:** Die publiek gekwoteerde rentekoers per jaar (bereken op die daaglikse saldo en maandeliks terugwerkend saamgestel) van tyd tot tyd deur Absa Bank Beperk ("ABSA") gehef op oortrokke fasiliteite aan hul prima kliënte in die privaat sektor (soos gesertifiseer deur enige direkteur of bestuurder van ABSA, wie se aanstelling nie bewys hoef te word nie) en welke rentekoers sal dien as verwysingskoers vir doeleindes van artikel 103(4) van die Wet.

1.1.13 **Rekening:** Die Verbruiker se Pretorium Trust rekening geopen na aanleiding van die Verbruiker se aansoek vir 'n Pretorium Trust Aankoopkaart.

1.1.14 **Rentekoers:** Die wisselende rentekoers wat, in die geval van 'n ope rekening, gelykstaande sal wees aan ABSA se primakoers plus 8% en ten aansien van 'n begrotingsrekening gelykstaande sal wees aan ABSA se primakoers plus 4%, en wat ingevolge die bepalings van artikel 103(4) van die Wet sal wissel ooreenkomstig ABSA se primakoers: Onderhewig daaraan dat die rentekoers te alle tye dieselfde sal wees as die rentekoers wat die Kredietgewer toestaan ten aansien van soortgelyke kredietooreenkomste wat op die tersaaklike stadium uitgereik word.

1.1.15 **Verbruiker:** Die persoon of entiteit wat vir die kredietfasiliteit aansoek doen en wat geregtig sal wees om die Pretorium Trust Aankoopkaart te gebruik vir aankope van die Verskaffers.

1.1.16 **Verskaffer:** Enige Verskaffer van goedere en/of dienste met wie die Kredietgewer gekontrakteer het as 'n aangestelde verskaffer aan die Verbruiker.

1.1.17 **Wet:** Die Nasionale Kredietwet, No. 34 van 2005 en, waar van toepassing, die Regulasies daarkragtens uitgevaardig.

1.2 In hierdie ooreenkoms:

1.2.1 Is die opskrifte slegs vir doeleindes van gerief ingevoeg en sal dit nie in aanmerking geneem word by die interpretasie van die ooreenkoms nie;

1.2.2 Tensy die teendeel duidelik uit die konteks blyk sluit:

1.2.2.1 woorde van een geslag die ander geslagte in;

1.2.2.2 'n natuurlike persoon 'n regspersoon in;

1.2.2.3 die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd.

1.3 Woorde en uitdrukkings wat nie in die ooreenkoms omskryf is nie het, tensy die teendeel uit die konteks blyk, die betekenisse in die Wet daaraan toegeskryf.

1.4 Indien 'n bepaalde aantal besigheidsdae voorgeskryf is tussen 2 gebeurtenisse sal die aantal dae bereken word met:

1.4.1 Uitsluiting van die dag waarop die eerste gebeurtenis plaasvind; en

1.4.2 Insluiting van die dag waarop die tweede gebeurtenis plaasvind of moet plaasvind; en

1.4.3 Uitsluiting van enige openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag wat op of tussen die dae na verwys in klousules 1.4.1 en 1.4.2 val.

2. BETALINGS:

2.1 Die Verbruiker is verplig om die volle verskuldigde bedrag op die laaste besigheidsdag van elke kalendermaand te betaal, met ingang van die laaste besigheidsdag van die eerste maand waartydens die Verbruiker sy Kaart(e) ontvang en daarna op die laaste besigheidsdag van elke kalendermaand terwyl die ooreenkoms van krag is en vir solank as 'n bedrag deur die Verbruiker aan die Kredietgewer verskuldig is.

2.2 Indien die Verbruiker sy Kaart na die 15de dag van 'n bepaalde maand ontvang sal aankope daarna gemaak eers betaalbaar wees op die laaste besigheids dag van die daaropvolgende kalendermaand.

3. REKENINGSTAAT:

3.1 Die Kredietgewer sal maandeliks per pos of per e-pos, soos per die versoek van die Verbruiker, 'n rekeningstaat aan die Verbruiker lewer.

Paraaf - Aansoeker:

Gade:

3.2 Die Verbruiker is verplig om te verseker dat hy die maandelikse rekeningstate ontvang en, indien nie, is die Verbruiker verplig om die Krediet gewer skriftelik dienooreenkomstig in kennis te stel. Die Verbruiker sal nie geregtig wees om nie die bedrag verskuldig te betaal indien die Verbruiker vanweë welke rede ookal nie 'n maandelikse rekeningstaat ontvang nie.

3.3 Indien die Verbruiker die Kredietgewer sou betaal deur 'n tjek of posorder per pos te stuur dra die Verbruiker alle risiko ten aansien van sodanige versending, met insluiting van sonder beperking, die risiko's ten aansien van bedrog, diefstal of verlies van die tjek of posorder, ongeag of dit veroorsaak is deur die nalatigheid van die Kredietgewer of enige van sy werknemers.

3.4 Die Verbruiker is verplig om sy maandelikse rekeningstaat na te gaan ten einde te kontroleer dat dit korrek is. Indien die Verbruiker enige item of inskrywing op die maandelikse rekeningstaat sou betwis moet die Verbruiker die Kredietgewer binne 30 dae vanaf die datum van die rekeningstaat dienooreenkomstig in kennis stel ten einde die Kredietgewer in staat te stel om die beswaar te ondersoek, om die tersaaklike dokumente met betrekking tot die inskrywing in dispuut te verkry en om sodanige navrae as wat nodig mag wees te doen.

3.5 Die Verbruiker is verplig om alle bedrae verskuldig ingevolge hierdie ooreenkoms stiptelik op die opeisbaarheidsdatums te betaal, vry van enige bank of wisselkoste of ander heffings, by die Kredietgewer se plek van besigheid te Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, Pretoria of op sodanige ander plek of in sodanige ander rekening as wat die Kredietgewer van tyd tot tyd skriftelik mag aanwys.

3.6 Alle betalings ingevolge hierdie ooreenkoms sal in Suid-Afrikaanse valuta gemaak word, sonder enige skuldvergelyking of aftrekkings van enige aard. Indien reëlings getref is om die maandelikse paaiement by wyse van 'n debietorder of 'n outomatiese betalingsorder te betaal sal dit nie op enige wyse afstand doen van die Verbruiker se verpligting om elke betaling voor of op die opeisbaarheidsdatum te maak nie.

4. KOSTE, RENTE EN ANDER GELDE:

4.1 Rente sal teen die rentekoers gehef word op alle bedrae opeisbaar en betaalbaar.

4.2 Addisioneel tot die rente na verwys in klousule 4.1 sal die Verbruiker, indien hy in gebreke is om enige bedrag verskuldig aan die Kredietgewer op die betaaldatum te betaal, ook die volgende bedrae aan die Kredietgewer betaal:

4.2.1 Administrasiekoste ten aansien van die versuim soos van tyd tot tyd deur die Kredietgewer bepaal ten einde die administrasiekoste aangegaan deur die Kredietgewer as gevolg van verbruikers se versuim om 'n verpligting ingevolge die ooreenkoms na te kom te dek. Die volgende administrasiekoste word op die ondertekeningsdatum van hierdie ooreenkoms gehef:

Onbetaalde debietorder of tjek R20,00

4.2.2 Invorderingskoste gehef deur die Kredietgewer ten aansien van die afdwinging van die Verbruiker se geldelike verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms (uitgesonder administrasiekoste ten aansien van die versuim na verwys in klousule 4.2.1)

Onderhewig daaraan dat sodanige administrasiekoste en invorderingskommissie nie die maksimum van tyd tot tyd ingevolge die Wet voorgeskryf oorskry nie. In die geval van 'n oorskryding sal die administrasiekoste en invorderingskommissie beperk word tot die maksimum op daardie stadium ingevolge die Wet toelaatbaar.

4.3 Sonder om afbreuk te doen aan enige van die Kredietgewer se ander regte of remedies ten aansien van enige handeling of versuim van die Verbruiker, is die Verbruiker aanspreeklik om rente teen die rentekoers na verwys in klousule 4.1 te betaal op enige gelde, koste op ander heffings wat nie voor of op die opeisbaarheidsdatum betaal is nie.

4.4 Die Verbruiker sal verder aanspreeklik wees vir alle regskoste aangegaan deur die Kredietgewer ten einde sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms af te dwing, welke regskoste sonder beperking sal insluit, koste op die skaal soos tussen prokureur-en-eie-kliënt, advokaatsgelde, opsporingskoste en invorderingskommissie.

4.5 In soverre die Verbruiker verplig is om enige koste, gelde of uitgawes ingevolge hierdie ooreenkoms te betaal of om die Kredietgewer ten aansien daarvan te vergoed, kom die partye ooreen dat sodanige verpligting van die Verbruiker waar van toepassing ook die verpligting om Belasting op Toegevoegde Waarde ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, No. 89 van 1991 daarop te betaal sal insluit.

5. VROEë BETALING EN VERBRUIKER SE REG OM TE BEëINDIG:

Die Verbruiker is geregtig om hierdie ooreenkoms te enige tyd te beëindig deur, met of sonder enige vooraf kennisgewing aan die Kredietgewer, die volle verskuldigde bedrag te betaal. Die bedrag wat betaal moet word ten einde hierdie ooreenkoms ten volle af te los is die totale onbetaalde balans van die hoofskuld op die tersaaklike datum sowel as enige onbetaalde rente en alle gelde en heffings betaalbaar deur die Verbruiker aan die Kredietgewer op sodanige aflossingsdatum.

6. VERMINDERING VAN DIE KREDIETPERK ONDER DIE KREDIETFASILITEIT:

Die Verbruiker kan te enige tyd met skriftelike kennisgewing aan die Kredietgewer vereis dat die Kredietgewer die kredietperk verminder.

7. KREDIETBURO INLIGTING:

7.1 Die Kredietgewer stel die Verbruiker hiermee in kennis dat die Kredietgewer inligting ten aansien van Verbruikers-krediet aan 'n Kredietburo verskaf en in die verband:

7.1.1 Magtig die Verbruiker die Kredietgewer om besonderhede ten aansien van die aansoek, die sluiting van die ooreenkoms en die beëindiging daarvan aan die Kredietburo te verskaf;

7.1.2 Erken die Verbruiker dat hy bewus is dat inligting betreffende enige nie-nakoming deur hom van hierdie ooreenkoms aan die Kredietburo verskaf sal word;

7.1.3 Erken die Verbruiker verder dat die Kredietburo krediet-profiele en in sekere gevalle ook krediet-graderings betreffende die Verbruiker se kredietwaardigheid in ooreenstemming met die Verbruiker se kredietrekord aan die Kredietburo sal verskaf.

7.2 Die Verbruiker is geregtig om die Kredietburo te kontak om insae in sy kredietrekord te kry en daarop aan te dring dat enige onakkurate inligting reggestel word.

7.3 Die Kredietburo wat die Kredietgewer in kennis sal stel is Trans Union ITC wie gekontak kan word te:

7.3.1 Wanderers Kantoorpark, Corlettrylaan 52, Illovo, 2196

7.3.2 Nommer van oproepsentrum: 0861 482 482.

7.4 Die Kredietgewer is ingevolge die bepalings van die Wet verplig om die Verbruiker in kennis te stel voordat enige nadelige inligting soos voorgeskryf betreffende die Verbruiker aan 'n Kredietburo gerapporteer word, en is verder verplig om op skriftelike versoek van die Verbruiker sodanige inligting aan die Verbruiker te verskaf.

7.5 Die Kredietburo verskaf 'n kredietprofiel en krediettelling oor die Verbruiker en die Verbruiker se gade se kredietwaardigheid.

8. PRETORIUM TRUST AANKOOPKAART:

8.1 Die Kredietgewer sal bedrae namens en ten behoewe van die Verbruiker betaal aan Verskaffers wat goedere aan die Verbruiker verkoop of dienste aan die Verbruiker gelewer het. Die Verbruiker onderneem om gemelde bedrae aan die Kredietgewer terug te betaal in ooreenstemming met hierdie Terme en Voorwaardes.

8.2 Die Kredietgewer sal 'n Kaart aan elke Verbruiker en sodanige genomineerdes van die Verbruiker waartoe die Kredietgewer in sy uitsluitlike diskresie mag toestem uitreik. Die Verbruiker is verplig om, onmiddellik nadat hy die Kaart ontvang het, sy handtekening op die toepaslike spasie met 'n balpuntpen aan te bring. Indien die Verbruiker nie die Kaart wil gebruik nie moet die Verbruiker die Kaart onmiddellik vernietig sonder om dit te gebruik en die Kredietgewer dienooreenkomstig in kennis stel. Die Kaart kan slegs in die Suid-Afrikaanse monetêre gebied gebruik word.

8.3 'n Verbruiker is geregtig om, onderhewig aan die Terme en Voorwaardes hierin uiteengesit, die Kaart te gebruik asook op alle voordele van tyd tot tyd aangebied. Die Kaart kan slegs deur die natuurlike of regspersone wie se name daarop verskyn gebruik word.

8.4 Die Kredietgewer onderneem om betaling vir en ten behoewe van die Verbruiker te maak by ontvangs van 'n geldige eis van 'n Verskaffer. Die Verbruiker is verplig om 'n aankoopfaktuur of 'n terugbetalingsfaktuur, afhangend van die geval, te onderteken telkens wanneer die Verbruiker die Kaart gebruik of die Kaartnommer aan 'n Handelaar of Verskaffer verskaf. Deur ondertekening van die faktuur bevestig die Verbruiker dat die inligting daarop korrek is. Die Verbruiker bly aanspreeklik selfs indien hy nie die relevante faktuur onderteken het nie.

8.5 Die Verbruiker erken dat die Kaart te alle tye die eiendom van die Kredietgewer bly en dat hy verplig is om, indien daartoe versoek deur die Kredietgewer vanweë welke rede ookal, die Kaart aan die Kredietgewer terug te handig. Die Kaart is geldig vanaf die datum waarop dit uitgereik is of vanaf die eerste datum van die geldigheidstydperk soos aangedui op die Kaart, afhangend van die geval, tot die vervaldatum daarvan of totdat die Verbruiker se rekening vanweë welke rede ookal gesluit word.

8.6 Die Verbruiker onderneem om sy Kaart behoorlik op te pas wat insluit dat die Verbruiker die nodige stappe sal neem om te voorkom dat die Kaart verlore raak, gesteel of beskadig word of dat die Kaart onregmatig gebruik word.

8.7 In die geval van diefstal of verlies van die Kaart, of indien dit onder die Verbruiker se aandag kom dat die Kaart deur 'n ander persoon as die Verbruiker gebruik word, is die Verbruiker verplig om onmiddellik die agent van die Kredietgewer, naamlik Nedbank, te kontak by die Tolvrye nommer 0800 110 929.

8.8 Indien die Verbruiker aangesluit het by die Kaartbeskermingsfonds sal die Kredietgewer nie die Verbruiker aanspreeklik hou vir enige gebruik van 'n kredietfasiliteit nadat die Verbruiker die diefstal of verlies van die betrokke Kaart gerapporteer het nie, tensy:

8.8.1 Die Verbruiker se handtekening op die faktuur, verkoopbewys of ander rekord ten aansien van die gebruik van die kredietfasiliteit verskyn; of

8.8.2 Die Kredietgewer inligting het om te bewys dat die Verbruiker die transaksie gemagtig het of aanspreeklik is vir die spesifieke gebruik van die kredietfasiliteit.

8.9 Die Kredietgewer sal die Verbruiker in kennis stel van enige wysiging van die rentekoers en/of die koste ten aansien van hierdie ooreenkoms.

9. REGTE VAN DIE VERBRUIKER:

9.1 'n Maandelikse kredietperk is aan die Verbruiker toegeken soos uiteengesit in die kwotasie wat verskaf is.

9.2 Die Verbruiker is geregtig om van tyd tot tyd 'n "lys van verskaffers" met die name van die Verskaffers met wie die Kredietgewer vir en ten behoewe van die Verbruikers gekontrakteer het aan te vra.

9.3 Die Verbruiker is geregtig om die Kaart aan Verskaffers te tender in die plek van betaling tot die maksimum bedrag beskikbaar binne die kredietperk en die Kredietgewer is verplig om, onderhewig aan die bepalings van hierdie Terme en Voorwaardes, betaling namens en ten behoewe van die Verbruiker aan die Verskaffers te maak.

9.4 Die Kredietgewer is nie verplig om betaling ten aansien van enige aankope deur die Verbruiker te maak aan enige handelaar wat nie 'n Verskaffer is soos in hierdie ooreenkoms omskryf is nie.

9.5 Die Verbruiker kan ook aansoek doen vir 'n begrotingsrekening met 'n verdere kredietperk addisioneel tot die kredietperk soos omskryf in klousule 1.1.7. Indien goedgekeur mag die totale bedrag verskuldig ingevolge die hoofskulde met betrekking tot aankope op die begrotingsrekening op geen stadium die maksimum kredietperk goedgekeur ten aansien van die begrotingsrekening oorskry nie. Die volgende voorwaardes geld ten aansien van die begrotingsrekening:

9.5.1 Die maksimum periode vir die terugbetaling van enige aankoop is 24 maande;

9.5.2 Geen transaksie van minder as R300,00 kan op die begrotingsrekening gedoen word nie;

9.5.3 Geen voedsel, drank of brandstof mag op die begrotingsrekening aangekoop word nie.

9.6 Die Verbruiker is geregtig om na 12 maande van lidmaatskap aansoek te doen om 'n lening en, indien goedgekeur, sal die Kredietgewer die Verbruiker toelaat om die uitstaande leningsbedrag oor 'n verlengde periode (maksimum 24 maande vaste rentekoers) terug te betaal.

9.7 Indien die Verbruiker in die geval van 'n aansoek vir óf 'n begrotingsrekening óf 'n persoonlike lening kwalifiseer en 'n nuwe ooreenkoms(te) met betrekking tot voorgaande met die Kredietgewer sluit, en die Verbruiker in gebreke sou bly om enige betaling ingevolge hierdie ooreenkoms, of ingevolge enige ander ooreenkoms met die Kredietgewer te maak, sal alle bedrae deur die Verbruiker ingevolge hierdie ooreenkoms, of ingevolge enige ander ooreenkoms, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word.

9.8 Die Verbruiker is, soos bepaal in klousule 5, geregtig om te enige tyd enige bedrag verskuldig aan die Kredietgewer ingevolge die ooreenkoms sonder enige kennisgewing of boete te betaal. Indien die Verbruiker meer as 1 rekening by die Kredietgewer het moet die Verbruiker duidelik tesame met die betaling stipuleer ten aansien van welke ooreenkoms hy die vooruitbetaling maak.

9.9 Indien die Verbruiker te enige tyd die kredietperk wil verhoog, moet die Verbruiker dienooreenkomstig by die Kredietgewer aansoek doen. Die versoek vir 'n verhoging is addisioneel tot die outomatiese jaarlikse verhoging van die Verbruiker se kredietperk, wat die Kredietgewer in sy uitsluitlike diskresie mag toestaan, indien die Verbruiker aldus in die toepaslike spasie op die aansoekvorm aansoek gedoen het.

9.10 Indien die Verbruiker die Kredietgewer versoek om outomaties van tyd tot tyd sy kredietperk te verhoog, is die Kredietgewer geregtig om eensydig sodanige verhogings ingevolge die Wet toe te staan.

10. VERPLIGTINGE VAN DIE VERBRUIKER:

10.1 Die Verbruiker onderneem om aan die Kredietgewer alle koste soos per die Terme en Voorwaardes en/of die kwotasie te betaal.

10.2 Die Verbruiker onderneem om aan die Kredietgewer te betaal alle bedrae deur die Kredietgewer aan Verskaffers betaal, ten aansien van alle aankope deur die Verbruiker, of enige ander persoon of entiteit soos omskryf in klousule 8.2, en welke bedrae die Verbruiker voor of op die opeisbaarheidsdatum soos aangedui op die maandelikse rekening per pos of per e-pos aan die Verbruiker gestuur betaal sal word. Die verpligting van die Verbruiker om betalings te maak is onvoorwaardelik en onherroeplik, ongeag of:

10.2.1 die Verbruiker persoonlik of enige ander persoon die aankope deur die Kaart gedoen het; en/of

10.2.2 die bedrag aangedui ten aansien van sodanige aankoop korrek is aldan nie; en/of

10.2.3 daar 'n dispuut tussen die Verbruiker en die Verskaffer(s) ontstaan het; en/of

10.2.4 die Verskaffers geregtig is op betaling van 'n ander bron.

10.3 Die maandelikse rekening sal prima facie bewys van die Verbruiker se verskuldigdheid teenoor die Kredietgewer ten aansien van die verkope daarstel, en die Verbruiker kom hiermee ooreen dat die onus om die teendeel te bewys op die Verbruiker rus.

10.4 Die Verbruiker waarborg en onderneem om nie die kredietperk ingevolge die kwotasie toegestaan te oorskry nie. In die mate wat die Wet van toepassing is op die ooreenkoms:

10.4.1 Is die Verbruiker nie geregtig om die kredietperk te oorskry nie, tensy die Verbruiker voor die transaksie die skriftelike toestemming van die Kredietgewer daartoe verkry het. Indien die Kredietgewer enige betalingsfaktuur ten aansien van 'n aankoop wat die toepaslike kredietperk oorskry sou betaal beteken dit nie dat die Kredietgewer die Verbruiker se kredietperk permanent verhoog het nie.

10.4.2 Indien die Verbruiker die toepaslike kredietperk sou oorskry sal dit 'n verbreking deur die Verbruiker van sy verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms wees en sal alle bedrae deur die Verbruiker ingevolge hierdie ooreenkoms verskuldig onmiddellik en sonder verdere kennisgewing aan die Verbruiker opeisbaar en betaalbaar word.

10.5 Die Verbruiker is verplig om, tot beëindiging van die ooreenkoms, die Kredietgewer op die voorgeskrewe tyd, wyse en vorm van enige verandering van die Verbruiker se woon- of besigheidsadres in kennis te stel.

11. ALTERNATIEWE DISPUUTBEREGTING, NASIONALE KREDIETREGULEERDER EN TRIBUNAAL:

11.1 Die Verbruiker is geregtig om:

11.1.1 Aansoek doen by 'n skuldberader dat hy as 'n oormatig-verskuldigde verklaar word; of

11.1.2 'n Klagte by wyse van alternatiewe dispuutberegting op te los; of

11.1.3 'n Klagte te lê by die Nasionale Kredietreguleerder; of

11.1.4 By die Tribunaal aansoek te doen onderhewig daaraan dat sodanige regte uitgeoefen moet word in ooreenstemming met die bepalings van die Wet.

11.2 Die Nasionale Kredietreguleerder kan gekontak word by:

11.2.1 Telefoonnommer: (011) 554 2600 of 0860 627 627

11.2.2 Faksnommer: (011) 805 4905

11.2.3 E-posadres: complaints@ncr.org.za

11.2.4 Straatadres: 15de Laan 127 , Randjespark, Midrand

11.2.5 Posadres: Posbus 209, Halfweg Huis, 1685

11.2.6 Webtuiste: www.ncr.org.za

11.3 Die Nasionale Verbruikerstribunaal kan gekontak word te:

11.3.1 Telefoonnommer: (012) 683 8140 / (012) 742 9900

11.3.2 Faksnommer: (012) 663 5693

11.3.3 E-posadres: registry@thenct.org.za

11.3.4 Straatadres: Grondvloer, Blok B, Lakefield Office Park, Westlaan 272, H/v Wes en Lenchen Noord, Centurion

11.3.5 Posadres: Privaatsak X110, Centurion, 0046

11.3.6 Webtuiste: www.thenct.org.za

12. AANSOEK VIR HERSIENING VAN SKULD:

12.1 Sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die Kredietgewer se regte indien die Verbruiker in gebreke is met sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms, of om dit enigsins te beperk, word die Verbruiker se aandag gevestig op die bepalings van artikel 86 van die Wet ingevolge waarvan die Verbruiker in sekere omstandighede geregtig is om op die voorgeskrewe wyse en vorm by 'n Kredietraadgewer aansoek te doen om die Verbruiker as oormatig verskuldig te verklaar.

12.2 Die Verbruiker kan nie ingevolge die bepalings van artikel 86 van die Wet 'n aansoek ten aansien van hierdie ooreenkoms instel nie indien, ten tye van sodanige aansoek, die Kredietgewer reeds ingevolge klousule 11 van hierdie ooreenkoms stappe geneem het ten einde die ooreenkoms af te dwing nie, en die bepalings van artikel 86 geld by gevolg nie in sodanige geval nie.

12.3 'n Kredietraadgewer wat 'n aansoek ingevolge artikel 86 van die Wet aanvaar het moet op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk bepaal of dit blyk dat die Verbruiker oormatig verskuldig is en, indien die Verbruiker aansoek gedoen het vir 'n verklaring van roekelose krediet-verlening, of die Verbruiker se kredietooreenkomste roekeloos blyk aangegaan te wees.

12.4 Afhangende van die bevindings van die Kredietraadgewer kan die aansoek verwerp word, of kan aanbeveel word dat die Verbruiker en die onderskeie kredietgewers vrywillig 'n plan om die skuld te

herskik oorweeg en daarop ooreenkom of, indien die Kredietraadgewer tot die gevolgtrekking sou kom dat die Verbruiker oormatig verskuldig is, kan hy 'n voorstel uitreik ingevolge waarvan aanbeveel word dat die Landdroshof 'n bevinding maak met betrekking tot die geskil betreffende roekelose krediet-verlening en enige plan van herskikking soos bepaal in artikel 86(7) van die Wet.

12.5 Indien die aanbeveling van 'n Kredietraadgewer aanvaar word deur die Verbruiker en elke kredietgewer word dit vervat in 'n bevel en, indien die Verbruiker en elke kredietgewer betrokke daartoe toestem, ingevolge die bepalings van artikel 138 van die Wet as 'n toestemmingsbevel by die Kredietraadgewer geliasseer.

12.6 Indien die Kredietraadgewer 'n aansoek ooreenkomstig die bepalings van artikel 86(7)(a) van die Wet verwerp kan die Verbruiker, met die verlof van die Landdroshof, direk by die Landdroshof aansoek doen, op die voorgeskrewe wyse en vorm, vir 'n bevel ooreenkomstig die bepalings van artikel 86(7)(c) van die Wet.

12.7 Die Kredietgewer kan, indien die Verbruiker in gebreke sou wees met sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms en die ooreenkoms ingevolge die bepalings van artikel 86 van die Wet hersien word, op die voorgeskrewe wyse aan die Verbruiker, die Kredietraadgewer en die Nasionale Kredietreguleerder na verwys in die Wet kennis van beëindiging van die hersiening gee. Sodanige kennisgewing kan gegee word te enige tyd na verloop van 60 besigheidsdae vanaf die datum waarop die Verbruiker aansoek gedoen het vir die hersiening van die skuld.
Geen kredietverskaffer mag 'n aansoek om skuldhersiening wat in terme van die Wet ingedien is termineer nie, indien die aansoek om hersiening reeds in 'n hof of by die Tribunaal geliasseer is.

12.8 Indien die Kredietgewer kennis sou gee van beëindiging van die hersiening soos in die vooruitsig gestel in klousule 12.7, en sou voortgaan om die ooreenkoms ingevolge die bepalings van klousule 11 van die ooreenkoms af te dwing, kan die Landdroshof wat die aangeleentheid aanhoor gelas dat die hersiening van die skuld hervat word op sodanige voorwaardes as wat die Hof in die omstandighede billik mag ag.

13. KENNISGEWING VEREIS VOORDAT SKULD AFGEDWING KAN WORD:

13.1 Indien die Verbruiker in gebreke is met sy verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms kan die Kredietgewer:
- 13.1.1 Die Verbruiker van die versuim in kennis stel en voorstel dat die Verbruiker die ooreenkoms na 'n Kredietraadgewer, Alternatiewe Dispuutberegtingsagent of Verbruikershof verwys met die oogmerk dat die partye die dispuut ingevolge die ooreenkoms oplos, of op 'n plan ooreenkom om die betalings ingevolge die ooreenkoms op datum te bring, en in sodanige geval sal die Kredietgewer nie geregtig wees om enige stappe te neem ten einde hierdie ooreenkoms af te dwing alvorens sodanige kennisgewing gegee is nie.
- 13.1.2 Indien hierdie ooreenkoms ingevolge die bepalings van artikel 86 van die Wet hersien word, op die voorgeskrewe wyse aan die Verbruiker, die Skuldraadgewer en die Nasionale Kredietreguleerder na verstryking van die 60-besigheidsdae-period na verwys in klousule 12.7 kennis van beëindiging van die hersiening gee

Onderhewig daaraan dat die bepalings van hierdie klousule 13.1 nie van toepassing sal wees in gevalle waar die ooreenkoms onderhewig is aan 'n skuldherskikkingsbevel of die onderwerp is van verrigtinge in 'n Hof wat sodanige bevel tot gevolg kan hê nie.

13.2 Die Kredietgewer sal slegs geregtig wees om by die Hof aansoek te doen vir 'n bevel om hierdie ooreenkoms af te dwing indien die Verbruiker op daardie stadium reeds vir 'n tydperk van 20 besigheidsdae in gebreke is met sy verpligtinge, en steeds in gebreke is, en:
- 13.2.1 Minstens 10 besigheidsdae verstryk het sedert die Kredietgewer 'n kennisgewing aan die Verbruiker afgelewer het ooreenkomstig die bepalings van klousule 13.1;
- 13.2.2 In die geval van 'n kennisgewing soos bepaal in klousule 13.1.1 die Verbruiker:
  - 13.2.2.1 nie op die kennisgewing gereageer het nie; of
  - 13.2.2.2 op die kennisgewing gereageer het deur die Kredietgewer se voorstel van die hand te wys.

13.3 In enige verrigtinge ingestel in 'n Hof ten aansien van hierdie ooreenkoms, nieteenstaande enige ander bepalings in die reg of kontraktueel tot die teendeel, kan die Hof slegs die aangeleentheid bereg indien die Hof tevrede is dat:
- 13.3.1 Die verrigtinge in die vooruitsig gestel in artikels 127, 129 en 131 van die Wet in soverre dit van toepassing is nagekom is; en
- 13.3.2 Daar nie enige aangeleentheid voortspruitend uit die ooreenkoms voor die Nasionale Verbruikerstribunaal ingestel kragtens artikel 26 van die Wet hangende is wat tot 'n bevel rakende die geskille deur die Hof bereg te word aanleiding kan gee nie; en
- 13.3.3 Indien die Kredietgewer nie die Hof genader het nie:
  - 13.3.3.1 gedurende die tyd wat die aangeleentheid voor 'n Skuldraadgewer, Alternatiewe Dispuutberegtingsagent of Verbruikershof was nie; of
  - 13.3.3.2 nieteenstaande die feit dat die Verbruiker
    - 13.3.3.2.1 die goedere aan die Kredietgewer terugge-gehandig het, en voordat die goedere verkoop is;
    - 13.3.3.2.2 op 'n voorstel ingevolge artikel 129(1)(a) van die Wet ooreengekom het en te goedertrou daardie ooreenkoms nagekom het;
    - 13.3.3.2.3 die ooreengekome plan soos bepaal in artikel 129(1)(a) van die Wet nagekom het; of
    - 13.3.3.2.4 sy betalings ingevolge hierdie ooreenkoms op datum gebring het soos bepaal in artikel 129(1)(a) van die Wet;

13.4 In enige verrigtinge soos bepaal in artikel 130 van die Hof, indien die Hof beslis dat:
- 13.4.1 Hierdie ooreenkoms op roekelose wyse aangegaan is soos bepaal in artikel 80 van die Wet, moet die Hof 'n bevel maak soos bepaal in artikel 83 van die Wet;
- 13.4.2 Die Kredietgewer nie die tersaaklike bepalings van die Wet, soos bepaal in artikel 130(3)(a) van die Wet, nagekom het nie, of die Hof genader het onder omstandighede soos bepaal in artikel 130(3)(c) van die Wet, moet die Hof:
  - 13.4.2.1 die aangeleentheid uitstel; en
  - 13.4.2.2 'n Toepaslike bevel maak wat die stappe uiteensit wat die Kredietgewer moet neem voordat die aangeleentheid voortgesit word;
- 13.4.3 Die ooreenkoms die onderwerp is van 'n hangende skuldhersiening ingevolge die bepalings van Deel D van Hoofstuk IV van die Wet, mag die Hof:
  - 13.4.3.1 die aangeleentheid uitstel hangende 'n finale beslissing van die skuldhersieningsverrigtinge;
  - 13.4.3.2 die Kredietraadgewer gelas om direk aan die Hof verslag te doen, en daarna 'n bevel maak ooreenkomstig die bepalings van artikel 85(b) van die Wet; of
  - 13.4.3.3 indien hierdie ooreenkoms die enigste kredietooreenkoms is waartoe die Verbruiker 'n party is, die Kredietraadgewer gelas om die skuldhersieningsverrigtinge te beëndig en 'n bevel maak soos bepaal in artikel 85(b) van die Wet;
- 13.4.4 Daar 'n aangeleentheid soos na verwys in klousule 13.3.2 ingevolge die bepalings van artikel 130(3)(b) van die Wet voor die Tribunaal hangende is, mag die Hof:
  - 13.4.4.1 die aangeleentheid uitstel hangende 'n beslissing van die verrigtinge voor die betrokke Tribunaal; of
  - 13.4.4.2 die Tribunaal gelas om die verrigtinge uit te stel, en die aangeleentheid na die Hof verwys vir beslissing; of
- 13.4.5 Die ooreenkoms of opgeskort is of onderworpe is aan 'n skuldherskikkingsbevel of ooreenkoms, en die Verbruiker die betrokke bevel of ooreenkoms nagekom het, kan die Hof die aangeleentheid afwys.

14. BEëINDIGING:

14.1 Hierdie ooreenkoms duur, onderhewig aan die Terme en Voorwaardes, vir 'n onbepaalde periode voort en kan deur die Kredietgewer beëindig word onderhewig daaraan dat die Kredietgewer 10 besigheidsdae skriftelike kennisgewing van herroeping van die kredietfasiliteit aan die Verbruiker gegee het.

14.2 Indien die Verbruiker in gebreke sou bly om op aanvraag enige bedrag of bedrae verskuldig of opeisbaar deur die Kredietgewer te betaal, onderhewig aan voldoening deur die Kredietgewer aan die bepalings van klousule 13 in soverre dit van toepassing is, en verder onderhewig daaraan dat, indien klousule 13 van toepassing is, ten minste 10 besigheidsdae verstryk het sedert die Kredietgewer 'n kennisgewing aan die Verbruiker gelewer het soos in die vooruitsig gestel in klousule 13.1.1, en verder onderhewig daaraan dat dit deur die Wet gemagtig is:
- 14.2.1 Sal alle bedrae verskuldig aan of opeisbaar deur die Kredietgewer van die Verbruiker ingevolge hierdie ooreenkoms na keuse van die Kredietgewer onmiddellik sonder kennisgewing opeisbaar en betaalbaar wees; en/of
- 14.2.2 Sal die Kredietgewer geregtig wees om hierdie ooreenkoms te beëindig en skade te eis, onderhewig aan die Verbruiker se reg om te enige tyd voordat die Kredietgewer die ooreenkoms kanselleer die ooreenkoms her in te stel deur aan die Kredietgewer alle bedrae verskuldig en onbetaald, tesame met die Kredietgewer se toegelate administrasiekoste ten aansien van die versuim en die redelike koste om die ooreenkoms af te dwing tot op die stadium van herinstelling, te betaal.

15. ERKENNINGS, BEVESTIGINGS EN TOESTEMMING:

Die Verbruiker erken en verklaar dat:

15.1 By ondertekening hierdie ooreenkoms in alle opsigte voltooi was en dat alle inligting hierin vervat, met insluiting sonder beperking die Verbruiker se adresse en persoonlike besonderhede, waar en korrek is;

15.2 Dat hy alle vrae vir inligting deur die Kredietgewer met betrekking tot hierdie ooreenkoms waar en korrek beantwoord het;

15.3 Dat hy versoek het dat die ooreenkoms in Afrikaans moet wees en dat Afrikaans die amptelike taal is wat hy lees en verstaan;

15.4 Dat hy sonder inspanning die inhoud, belang en gevolge van die ooreenkoms verstaan;

15.5 Dat hy die risiko's en koste ten aansien van die ooreenkoms verstaan en begrip het daarvoor, asook ten aansien van sy regte en verpligtinge ingevolge die ooreenkoms.

16. VERDERE ERKENNINGS DEUR DIE VERBRUIKER:

Die Verbruiker verklaar dat sy aandag gevestig is op die volgende en dat hy ten volle vertroud is met die bepalings daarvan:

16.1 Die Verbruiker se reg ingevolge artikel 121 van die Wet om 'n kredietooreenkoms aangegaan op 'n plek elders as die geregistreerde besigheidsplek van die Kredietgewer te beëindig; en

16.2 Die Verbruiker se reg om die ooreenkoms te beëindig deur:
- 16.2.1 Die goedere die onderwerp van die ooreenkoms ingevolge die bepalings van artikel 127 van die Wet aan die Kredietgewer terug te handig; en
- 16.2.2 Die balans uitstaande ingevolge die bepalings van artikel 127(7) van die Wet aan die Kredietgewer te betaal; en

16.3 Die Verbruiker se reg ingevolge die bepalings van artikel 125 van die Wet om die ooreenkoms te enige tyd af te los, met of sonder enige vooraf kennisgewing aan die Kredietgewer, soos meer volledig uiteengesit in klousules 5 en 9.8; en

16.4 Die Kredietgewer se reg om die ooreenkoms ingevolge die bepalings van klousule 123 te beëindig; en

16.5 Die Verbruiker se reg om te enige tyd enige bedrag ingevolge die ooreenkoms aan die Kredietgewer verskuldig ingevolge die bepalings van artikel 126 van die Wet aan die Kredietgewer terug te betaal; en

16.6 Die Verbruiker se reg om homself ingevolge die bepalings van artikel 86 van die Wet as oormatig verskuldig te laat verklaar soos meer volledig uiteengesit in klousule 12.

17. ADRES VIR KENNISGEWINGS:

17.1 Die Kredietgewer kies die adres op die aansoekvorm of kwotasie as die adres waar dit alle dokumente, pleitstukke en kennisgewings met betrekking tot hierdie ooreenkoms sal aanvaar.

17.2 Die Verbruiker kies die adres op die aansoekvorm of kwotasie, as die adres waar die Verbruiker alle dokumente, pleitstukke en kennisgewings wat met hierdie ooreenkoms sal aanvaar.

17.3 'n Party tot die ooreenkoms mag sy adres wysig deur 'n skriftelike kennisgewing van die nuwe adres aan die ander party te lewer per hand, geregistreerde pos of elektronies.

18. JURISDIKSIE:

18.1 Ingevolge die bepalings van artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, No. 32 van 1944 en ter keuse van die Kredietgewer, kan enige eis voortspruitend uit hierdie ooreenkoms in 'n Landdroshof met jurisdiksie ingestel word, en die Verbruiker stem hiermee toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof.

18.2 Die Kredietgewer is geregtig, onderhewig aan die bepalings van klousule 18.1, om enige eis in 'n Hof van hoër jurisdiksie in te stel, onderhewig daaraan dat die Landdroshof nie konkurrente jurisdiksie het nie.

19. VIR EN TEN BEHOEWE VAN REGSPERSONE:

Indien die Verbruiker 'n beslote korporasie, 'n private of 'n publieke maatskappy of 'n trust is, waarborg die persoon wat die kwotasie namens en ten behoewe van sodanige entiteit aanvaar dat hy behoorlik gemagtig is om so te doen en aanvaar hy aanspreeklikheid vir die betaling van die bedrag verskuldig ingevolge die ooreenkoms as borg en mede-hoofskuldenaar van sodanige entiteit.

20. ALGEMEEN:

20.1 Die Verbruiker is nie geregtig om enige reg, hetsy in die geheel of gedeeltelik, te sedeer nie.

20.2 Die Kredietgewer is geregtig om te enige tyd, en van tyd tot tyd, sonder die Verbruiker se toestemming, sy regte, titel en belange in hierdie ooreenkoms te sedeer, te delegeer en/of oor te dra.

20.3 Hierdie ooreenkoms is die gehele ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die onderwerp daarvan, en geen wysiging, byvoeging, verandering of ooreengekome kansellasie sal van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur die partye onderteken is nie.

20.4 Geen afstanddoening van enige van die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms sal bindend of enigsins van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur die party wat daarvan afstand doen onderteken is nie, en enige sodanige wysiging sal slegs van krag wees met betrekking tot die spesifieke gebeurtenis of doel waarvoor dit verleen word.

20.5 Geen versuim of nalate van enige party om enige reg, remedie of voorreg ingevolge hierdie ooreenkoms uit te oefen sal as 'n afstanddoening daarvan beskou word nie, en verdermeer sal enige uitoefening of gedeeltelike uitoefening van 'n reg, remedie of voorreg nie enige verdere uitoefening daarvan verhinder nie.

Applikant se handtekening .....

Eggenote se handtekening .....

(indien getroud binne gemeenskap van goedere)

Geteken te .....op hierdie .....dag van .....

VIR KANTOORGEBRUIK:

Uitgawe Normes — **VERPLIGTE MAANDELIKSE UITGAWES**

Bruto Inkomste per maand	Bereken deur Krediet verskaffer soos per NCR voorskrif	Soos deur aansoeker verklaar

Beraamde bedrag beskikbaar vir Pretorium Trust aankope

R .....

Aansoek Goedgekeur ☐ Aansoek Afgekeur ☐

Aankooplimiet Goedgekeur R .....

Begroting Goedgekeur R .....

Bestuurder ..... Datum .....

Lidmaatskapnommer: _____

Aanvaar te Pretoria